Tjokkie WEEKBLAD

6 September 2024 Uitgawe: 9/3/2024

# UIT DIE KANTOOR

Soos u seker op sosiale media gesien het, was ek en mnr. Hennie Botha vir ‘n paar dae uitstedig en was die “muise” baas in die kantoor. Ons was bevoorreg om die simposium vir hoofde en adjunkhoofde in Gqeberha te kon bywoon. Dit was uiters leersaam. Onderwys in ons land bly maar ’n uitdaging as gevolg van verskeie redes. Die nuwe minister van Basiese Onderwys, Me. Siviwe Gwarube, het haar nuwe planne met ons gedeel en die vooruitsigte lyk heelwat beter as 'n paar jaar gelede - as dit realiseer, bygesê. Ons hou haar vordering met valkoë dop.

**Ontwikkeling van eiendomme:**

Dis met groot opgewondenheid dat ons aankondig dat die sloping van die twee eiendomme, wat deur die skool aangekoop is vir ontwikkeling van die sportterrein, binnekort gaan begin. Die beplanning is dat daar reeds gedurende volgende week begin gaan word met die stroop van die geboue en dan die fisiese afbreek wat gedurende die vakansie sal plaasvind. Volgens spekulasie sal hierdie proses ongeveer 6 weke neem. Ouers wat van die swembadhek gebruik maak om kinders op/af te laai, word dus gevra om gedurende hierdie tyd ’n alternatiewe hek te gebruik aangesien trokke die verkeersvloei kan beïnvloed.

**Grasprojek**

Tjokkies loots ’n kompetisie (met lekker pryse) vir die kind/ouer wat die meeste blokke gras vir die nuwe sportterrein koop/verkoop. Sien advertensie onder bemarkingskantoor. Dankie vir u ondersteuning in hierdie verband.

**“Remote jamming”**

Ouers word net weereens daarop attent gemaak dat ***“remote jamming”*** in die omgewing van die skool weer begin kop uitsteek het. Daar is vanoggend geld en ander waardevolle artikels vanuit een van ons ouers se voertuie gesteel. Maak asb. seker wanneer u by die skool stop dat u voertuig gesluit is wanneer u die skoolterrein betree en dat waardevolle artikel eerder in die voertuig se bagasieruim verpak sal word. Dit is vir u eie veiligheid. Die skool kan ongelukkig nie verantwoordelikheid aanvaar vir voertuie buite die grense van die skoolterrein wat deurloop onder misdaad nie.

# ANDER


**Fotodag**

Ouers en leerders word herinner aan die fotodae wat op 17 en 18 September sal plaasvind. Bestellings kan na die neem van die foto's op Karri geplaas word.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 6 Sept.: | Toetsweek eindig |
| | Koortoer na Bethlehem |
| | Tjokkies Pre-primêr verwelkomingsdag vir nuwe Kleuters 2025 |
| | Mangaung Metro Krieket |
| 9 Sept.: | Musiekkonsert kleedrepetisie |
| 11 Sept.: | Gr. 7 Cupcake en Beroepedag |
| | GSF Musiekaand |
| 12 Sept.: | SP Musiekaand |
| 14 Sept.: | Verwelkomingsdag Gr.1-leerders – 2025 |

# VERJAARSDAE



10 Sept.: Juf. Leonie Corbett (Gr. 6)

## VAN DIE MAMMAS WAT BID

MATTEUS 6:10 AFR83

[10] laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.

https://bible.com/bible/6/mat.6.10.AFR83


Die hemel is nie net vir eendag nie. Ons kan met die Here Jesus se hulp in ons omgewings invloed uitoefen, om die hemel af aarde toe te bring. Bid en vra vir die Here hoe kan jy hemelse omgewings, aksies, gesindheid en vooruitgang in jou huis, familie, skool en werk skep.

## UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Let asseblief daarop dat ons Donkey Derby verskuif na Donderdag, 17 Oktober 2024.

Bespreek jou tafel van 10 vir 'n heerlike pret-aand saam met vriende:

bemarker@tjokkies.co.za



Tjokkie-familie, die tyd is hier om gras te plant en mooi te maak.

Hou Karri dop, koop jou gras en word deel van die STORIE om Tjokkies nog beter te maak.

Ons nooi alle ouers en vriende van Tjokkies om gras te koop met ons Tjokkie-“grasshopper”-projek.

Daar gaan heerlike pryse wees wat gewen kan word.

*Jou bydrae is mag,*

*dit gee vir ons krag –*

*en met trots bou ons saam*

*aan rugbyveld of oefenbaan.*

*Met meer plek sal ons groei,*

*sal talente bloei,*

*sal ons sportsterre speel*

*en drome deel.*

*Die lag van ‘n kind*

*sal jy by Tjokkies vind –*

*waar kaalvoetspore, tree vir tree*

*die pas vir die toekoms gee.*

*So… wees eerder ‘n “grasshopper”*

*as ‘n Shein-“shopper”!!!!*

*Sien solank uit na ‘n nuwe grasperk,*

*ons gaan nog baie hard moet werk!!!*

*Help ons met ons droom,*

*Tjokkies beskik immers oor Bloemfontein se room!*

*speel op gras*

*is beter as ‘n goeie was!*

*Koop die gras gou….*

*anders gaan jy dit berou!!*







# MUSIEKAANDE






Senior Primêr


Kia Sonet
The best just got better.
0% Deposit, 0% Balloon from
R 4 699pm
On a step payment plan
Ts & Cs apply. E & OE.
Kia Bloemfontein
52 Zastron Street
051 403 4200


VOLVO
Experience the power of innovation
in the new Volvo XC40 Mild Hybrid
and get R40 000 assistance
Volvo Cars, 52 Zastron St,Bloemfontein Central, Bloemfontein, 9301, Free State I 051 403 4200
www.bloemfontein.volvocars.co.za


Engo
Child & Youth Care • Kinder- & Jeugsorg
Lente
GENADEFEES
'n Konsert ten bate van Engo se
Ons Kinder- en Jeugsorgsentrum in Bloemfontein
wat hul 110de verjaarsdag vier!
14 SEPTEMBER 2024
18:30 VIR 19:00
Plek: Geloofsentrum Bloemfontein • Prys: R80 per persoon (Kinders onder 12 jaar gratis)
KUNSTENAARS:
Riaan Naude • Jaco Bezuidenhout • Nadine Blom • Du Preez en Jana Stoltz • Ella Kotze • Levert Solomons • Ilse Fourie
Unimus Orkes onder leiding van Anton Esterhuyse
KAARTJIES BESKIKBAAR:
Ons Kinder- en Jeugsorgsentrum, Victoriaweg 43, Willows
Geloofsentrum Universitas, Strauss straat 12, Universitas
Engo Provinsiale kantoor, van Heerdenstraat 22, Wilgehof
NAVRAE: Tel: 051 444 2938 of epos na ontvangs@vironskinders.org.za


BLOEMFONTEIN
MOTORS
www.bloemfonteinmotors.co.za | 082 446 2174


Checkers
Binnekort
Jou Nuwe
Bure